21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Die gebed van Psalm 121

## Psalm 121

Hierdie psalm begin met die geloofsverklaring van 'n pelgrim – iemand wat op pad is na die tempel vir een van die groot feeste of op pad terug is daarvan.

Die pad na en van Jerusalem was nie altyd veilig vir reisigers nie. Wilde diere en rowers het jou soms voorgelê in die heuwellandskap. Waar kom 'n pelgrim se hulp in sulke tye vandaan? Van die magtige skepper-God, bely hierdie psalm.

Psalm 121 is nie net 'n reispsalm vir 'n fisieke reis nie; dit is oos 'n reispsalm vir die gelowige se lewensreis- 'n reis vol gevare. Ons het nodig om die Here Jesus se laaste woorde hier te hoor eggo: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matteus 28:20).

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte.

Hierdie wete gee ons die moed om die pad van dissipelskap aan te pak en die krag om dit enduit te volg!

(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Die gebed van Psalm 121

Lees vers 1. Daar is ten minste drie waarskynlikhede oor die betekenis van "Ek sal my oë na die berge oplig". Kan jy dit lys?

Lees vers 2. Van al die magdom eienskappe van die karakter en aard van God wat genoem kan word, waarom is dit in hierdie konteks van belang dat Hy hier as die Skepper bevestig word?

Lees vers 3. Ons soek hulp om een of ander rede, in een of ander omstandigheid. Hoe hou God se belofte om 'nie jou voet toe te laat gly nie' verband met die soort hulp wat God bied?

Lees vers 4. Watse vertroosting verkry ons uit v.3-4 dat die Here "nie sal sluimer of slaap nie"?

Lees vers 5. Watse beskerming bied die Here vir jou?

Lees vers 6. Is ons regtig bekommerd dat die son en die maan bronne van probleme vir ons is?

Lees vers 7. Hoe brei dit uit op die gedagte wat in v.2 begin is?

Wat is die betekenis van die woord "beskerm" in hierdie geval?

Lees vers 8.Wat kan betekenisvol wees aan die laaste woord "vir ewig"?